



## SATELLIET GEBOU VIR DWT

*Fakulteit Ingenieurswese – teelaarde vir innovasie. Die voltooide Sumbandilasat is in 2006 aan die Minister van Wetenskap en Tegnologie, Mosibudi Mangena, oorhandig nadat strawwe toetse daarop uitgevoer is. Die Universiteit Stellenbosch het die projek bestuur, terwyl Sun Space die satelliet gebou het. Die koste verbonde aan die projek vir die Departement van Wetenskap en Tegnologie was ongeveer R36 miljoen, die grootste kontrak wat nog deur die Universiteit Stellenbosch uitgevoer is. Hier bewonder die Minister van Wetenskap en Tegnologie, Mosibudi Mangena, (links) en prof Sias Mostert die voltooide Sumbandilasat.*